B7.3

# BOIPATONG KASSETTE

**18 Junie 1992**
**09:02 - 11:54**

**Lanierkassette**
**2 4A, 2 5A, 2 6A**

Volume 3
(Bladsye 164 - 265)

VLOK OPNAMENS EN TRANSKRIPSIES BK
REG. NO. CH89/21241/23

EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) Romeo.

EERSTE PERSOON: Okay, ek weet nie of jy alreeds kennis dra nie, hierso waar ons nou besig is met hierdie fotonemery, het nuusspanne ook opgedaag met videokameras en so aan. Ek kan nog nie vir jou sê wat se nuusspan dit is nie, sodra ons uitvind sal ek jou laat weet.

TWEEDE PERSOON: Ja, die kaptein sê ons kan niks aan hulle doen nie, hoor.

EERSTE PERSOON: Ek het ontvang.

---o0o---

09:02 EERSTE PERSOON: 5 Alfa, 5 Delta. Hello, 5 Alfa, 5 Delta.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) 0 5 Lima.

DERDE PERSOON: Staan net 'n oomblik by, 5 Lima, (onduidelik) is besig. 5 Alfa, 5 Alfa, Victor 0. Okay stuur hom, 5 Lima.

09:03 TWEEDE PERSOON: Daardie persoon wat jou geskakel het hier by Metalbox, die persoon se naam asseblief, of van.

DERDE PERSOON: Ja, hy is 'n Ellie Badenhorst, hoor, hy staan by die garage daar.

TWEEDE PERSOON: Waar?

DERDE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Wie het vir jou die boodskap deurgegee van hierdie "necklace", oor?

DERDE PERSOON: Ja, sersant Strydom van MID.

TWEEDE PERSOON: Ja, (onduidelik) ontvang, ons het die hele straat op en af gery, hier is niks.

DERDE PERSOON: Ja, Bothma sê hy dra nie kennis nie, oor, hy het met (onduidelik) gepraat.

TWEEDE PERSOON: Ja, kan jy net daardie man skakel, laat hy net hoor by wie het hulle daardie klagte ontvang, asseblief?

DERDE PERSOON: Ek maak so.

---o0o---

EERSTE PERSOON: 5 Delta Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, kaptein, Victor wil net weet waar gaan kaptein die lede van Vanderbijl optel?

TWEEDE PERSOON: Nee, ek gaan nie lede optel nie, hulle moet maar net daar vir my by die (onduidelik) gereed staan as ek hulle wil (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Dankie, kaptein.

---o0o---

09:04 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: Sê weer, kaptein.

EERSTE PERSOON: Victor 0, kan ek voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Ekskuus, luitenant, ek luister.

EERSTE PERSOON: Ek spreek 'n meneer Coetzee hier by Metalbox, hy sê vir ons hy het nie geskakel nie. Ek is nou hier op pad na die garage toe, ek gaan jou nou laat weet wat sê daardie man.

TWEEDE PERSOON: Dankie, luitenant.

---o0o---

09:04 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Ek is nie seker of (onduidelik) vir jou deurgegee het nie (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Ja, wie is hulle?

EERSTE PERSOON: (onduidelik) by "shack" 1255, dit sal wees Martha en Elizabeth. Dit is twee persone. Die een is 19 en die ander een is 22. Hulle van is K-h-i-l-e, oor. Ook steekwonde.

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: Is hulle dood aan steekwonde?

EERSTE PERSOON: Ja, dit is positief.

TWEEDE PERSOON: Ja, jy het hulle nog nie vir my deurgegee nie, dankie, hoor.

---o0o---

09:05 EERSTE PERSOON: 5 Lima Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Lima (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Ja, 'sant Le Roux, ek het hierso 'n bietjie 'n probleem, lyk nommer 4 en 5 wat jy deurgegaan, was vier beseer en vyf dood of is vier dood en vyf beseer.

TWEEDE PERSOON: Nee wag so 'n bietjie, ons staan nou hier by die motorhawe ook, hier is niemand, hier ken niemand so 'n persoon, mnr. Badenhorst hierso nie, hoor, ek het met mnr. Daniëls gepraat, hy sê die mense wil weer, as hulle nie die plek toemaak nie gaan hulle hom afbrand, maar hier is niks verder aan die gang nie.

09:06 EERSTE PERSOON: Ja, ontvang, sê net vir my, dit is daardie Julia Latha en Jeremia Latha, wie van die twee is dood en wie is beseer.

TWEEDE PERSOON: Roger. Dit is daardie huis nommer 46, is dit hom wat jy nou wil hê?

EERSTE PERSOON: Dit is reg.

TWEEDE PERSOON: Daar is twee dood, hulle lê daar by die "schack" lê hulle dood. Dit is daardie Samuel en daardie Julia, die negejarige meisietjie, hulle twee lê dood by die "schack". Dan is daar die derde een, die Geramia Latha, sy is 16 jaar oud, sy is hospitaal toe, maar vermoedelik ook dood, hoor, hulle sê hulle dink sy is dood daar, maar ons weet nie of sy nou dood is nie. En dan is daar 'n Samuel Latha, hy is net beseer.

EERSTE PERSOON: Okay, ek het hom, sodra ek 'n "gap" kry sal ek die hospitaal bel en hoor of sy nou lewe.

09:07 TWEEDE PERSOON: Roger, so ons kanselleer nou maar hierdie een hier by die garage. Hier staan 'n klomp mense hierso aan die oorkant, van hulle klim in die taxi's, die ander is hier uit, by Metalbox uitgestap, ek weet nou nie of dit dié is wat nagdiens gewerk het nie, hoor, hulle staan ook nou almal hierso by Metalbox, oor.

EERSTE PERSOON: Roger. Ontvang.

---o0o---

09:07 EERSTE PERSOON: 5 Delta Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, kaptein, kolonel Horn(?) het al sy mense gemobiliseer, hulle is in die omgewing van Boipatong as ons hulle nodig kry.

TWEEDE PERSOON: Baie dankie.

---o0o---

09:08 EERSTE PERSOON: 5 Hotel 1 Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, jy het my altesaam nege gegee. Hulle nege is almal, dood, nè?

TWEEDE PERSOON: Ja, nee, dié wat ek vir jou deurgegee het is almal dood, oor.

EERSTE PERSOON: Okay, ek het jou nege.

---o0o---

09:08 EERSTE PERSOON: (onduidelik) 5 Golf. Kan ek voortgaan met hierdie "necklace"?

TWEEDE PERSOON: Staan net 'n sekond by, ek is nou by jou.

---o0o---

EERSTE PERSOON /...

09:08 EERSTE PERSOON: Ja, Victor 0, dit is 5 Hotel 1.

TWEEDE PERSOON: Ja, stuur 5 Hotel 1.

EERSTE PERSOON: Ilse, ek dink (onduidelik) alreeds vir jou vier deurgegee en hierso by die (onduidelik) is nog so 'n klomp.

TWEEDE PERSOON: Ja, daardie eerste vier is reeds op 'n berigvorm, daardie wat jy vir (onduidelik) deurgegee het, ek praat nou net van dié wat jy vir my deurgegee het, was nege. Nou twee, die eerste klomp vier en toe daarna daardie ander drie.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, dankie.

---oOo---

09:09 EERSTE PERSOON: Okay, stuur 5 Golf?

TWEEDE PERSOON: Regoor huis 6530, Sharpeville, ek ken nie die straat se naam nie, niemand kan vir my die straat se naam gee nie, regoor hierdie huis is 'n groot (onduidelik) daar is 'n swart man, hy het klaar doodgebrand, hy is doodgebrand met drie "tyres". Hy is klaar dood, dit moes gisteraand gebeur het, die lyk is yskoud, oor, hy is onbekend, ons weet ook nie wat is sy naam nie.

EERSTE PERSOON: Plus-minus hoe oud seker kan jy nie sê nie?

TWEEDE PERSOON: Ja, so 27 jaar, plus-minus.

EERSTE PERSOON: Ja, daar is niemand op die toneel of niks nie?

TWEEDE PERSOON: Niks nie, hy lê (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Ek het hom so, baie dankie.

TWEEDE PERSOON: Laat daardie lykswa ook hierdie kant toe kom as hy klaar daar in Boipatong is, asseblief.

EERSTE PERSOON: Okay, ek sê vir hulle hulle moet vir hom sê, oor.

---oOo---

09:09 /...

EERSTE PERSOON: 5 Romeo Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Romeo, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, as daardie lykswa klaar is daar by julle moet hulle asseblief deurbeweeg Sharpeville toe, regoor 6530, Sharpeville, dan moet hy net daar 'n "necklace" gaan optel asseblief.

09:10 TWEEDE PERSOON: Okay, ek sal so aan hom oordra, oor.

---o0o---

EERSTE PERSOON: Victor 0 5 Foxtrot.

09:10 TWEEDE PERSOON: Stuur, adjudant.

EERSTE PERSOON: Jy sal vir ons ten minste nog twee lykswaens moet kry, nog twee, kry maar sommer Vereniging en Vanderbijl s'n ook, dat hulle aangaan, ons sal vir hulle begeleiding gee, anders gaan hierdie man nooit hier klaarkry vandag nie, ons het net een lykwa hier in hierdie plakkerskamp, ons gaan onmoontlik eers vir hom, hy sal omtrent moet drie, vier "trips" ry om al hierdie mense hier weg te kry.

TWEEDE PERSOON: Ja, adjudant, ek het hulle almal gemobiliseer, hulle staan almal nou hier by die eenheid, hulle vertrek nou vanaf ons eenheid.

EERSTE PERSOON: Nee goed, het hulle mense wat hulle beskerming kan gee daar?

TWEEDE PERSOON: Ja, kaptein is besig om te reël.

EERSTE PERSOON: (onduidelik) sal hulle by die ingang kry.

TWEEDE PERSOON: Ek hoor net gou wat sê die kaptein, hoor.

---o0o---

(telefoon lui)

09:10 KONSTABEL BOTHMA: Radiokamer, konstabel Bothma, goeiemôre.

TWEEDE PERSOON: Sê net weer die van?

KONSTABEL BOTHMA /...

KONSTABEL BOTHMA: Bothma.

TWEEDE PERSOON: Hello, (onduidelik) hoe gaan dit?

KONSTABEL BOTHMA: Nee goed.

TWEEDE PERSOON: Sê gou vir my, watter twee groepe het mekaar nou gegryp daar in Boipatong?

KONSTABEL BOTHMA: Kaptein, hou 'n bietjie aan, (onduidelik). Kaptein Roos?

DERDE PERSOON: Haai (onduidelik), hoe gaan dit?

KONSTABEL BOTHMA: Lekker, kommandant(?).

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Is hulle op pad uit Boipatong toe?

DERDE PERSOON: Dit is korrek, ja.

KONSTABEL BOTHMA: Nee okay ...(tussenbei)

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ek kan nie hoor nie?

DERDE PERSOON: Wat het nou aanleiding gegee (onduidelik) gevegte daar?

KONSTABEL BOTHMA: Inkatha het oorgegaan en die mense begin doodmaak daar.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Nee, "fok" weet.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja, ek weet nie.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Vermoedelik, op hierdie stadium het ek nog nie die agtergrond nie, ek sal vir jou "info" gee sodra ek ...(tussenbei)

09:10 DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA /...

KONSTABEL BOTHMA: Op hierdie stadium is daar omtrent 18 dood.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ons loop al by 33 lyke.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja, 33.

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Mm?

DERDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Okay, hoor, okay kommandant.

DERDE PERSOON: Okay, (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Right, bye.

---o0o---

09:11 EERSTE PERSOON: Victor 0 1 Alfa.

TWEEDE PERSOON: Stuur 1 Alfa.

EERSTE PERSOON: (onduidelik) van twee hostelle.

TWEEDE PERSOON: Ja, ek ontvang u glad nie, sê weer (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Nee, dit is 19 Alfa, ek (onduidelik) voorgaan met nog besonderhede van twee oorledenes.

TWEEDE PERSOON: Ja, staan net vir my 'n sekond by, 5 Golf, Victor 0.

DERDE PERSOON: Stuur, oor.

TWEEDE PERSOON: Ja, die kaptein sê die lyke in Boipatong moet weer ge"clear"(?) word, oor.

DERDE PERSOON: Reg.

TWEEDE PERSOON: Okay, 19 Alfa, ek luister.

EERSTE PERSOON: Ja, die eerste sal wees Aletta(?), ek spel haar van vir jou, M-o-e-t-i.

TWEEDE PERSOON: Hoe oud is sy?

EERSTE PERSOON: Ja, sy was 'n Sotho en sy was 24 jaar oud, sy

lê /...

lê by huis nommer 104 Majolastraat, Boipatong.

TWEEDE PERSOON: Okay, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Sy is gesteek met 'n spies in die onderlyf.

TWEEDE PERSOON: Ja, gaan voort.

EERSTE PERSOON: Ja, die tweede persoon sal wees 'n Bernina, Bernina, ek spel haar van vir jou, L-e-r-o-b-a-n-e.

TWEEDE PERSOON: Ja, ouderdom?

EERSTE PERSOON: Ja, sy was 58 jaar oud, sy lê by huis nommer 45 Majolastraat.

TWEEDE PERSOON: Okay, ook met 'n spies gesteek?

EERSTE PERSOON: Ja, (onduidelik) in die bors gesteek met 'n spies.

TWEEDE PERSOON: Gaan voort.

EERSTE PERSOON: Dit is al wat ek vir jou het.

TWEEDE PERSOON: Net die twee vir jou, nè?

09:12 EERSTE PERSOON: Ja, positief.

---o0o---

(telefoon lui)

09:11 EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Is die brigadier al in?

EERSTE PERSOON: Nee.

TWEEDE PERSOON: En die kolonel?

EERSTE PERSOON: (onduidelik) kantoor is.

TWEEDE PERSOON: Asseblief.

EERSTE PERSOON: Ek gaan net gou-gou kyk of hy daar is.

TWEEDE PERSOON: Dankie, hoor. (persoon weg van telefoon)

EERSTE PERSOON: Hello?

TWEEDE PERSOON: Hello.

EERSTE PERSOON: Die kolonel (onduidelik) daar gaan roep (onduidelik)

09:12 TWEEDE PERSOON: Nee, nee, dit is nie nodig nie, sê net vir hom, sover is daar 33 lyke.

EERSTE PERSOON: 33?

TWEEDE PERSOON: Mm? Op hierdie stadium nog twee lyke, dit is 35, hoor.

EERSTE PERSOON: Okay, ek sal vir hom sê.

TWEEDE PERSOON: Okay, ons is nog besig daar, daar is nog vyf van ons, ons maak skoon, hoor.

EERSTE PERSOON: Okay, ek sal vir hom sê.

TWEEDE PERSOON: Right, dankie, bye.

---o0o---

09:12 EERSTE PERSOON: Victor 0 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur, luitenant.

EERSTE PERSOON: Ons het 'n mev. Badenhorst opgespoor, sy is hier aan die ander kant van die trekgarage, sy het maar net gehoor en toe laat weet sy ons, maar sy is tevrede, sy sê ons is hier naby, so daar is geen probleme nie en die groepie hierso by die "taxi rank" vergader nou, hulle hou nou 'n "meeting-kie", jy kan sien, hulle is so 150, ek gaan hulle gou nader en hoor wat is die probleem.

TWEEDE PERSOON: Okay luitenant, as daardie "meeting" lank gaan aanhou, dan moet luitenant my laat weet, dan reël ek dat Bravo Uniform se mense die "meeting" monitor, dan kan ons julle terugkry waar ons julle nodig het. So, laat weet my maar wat aangaan, asseblief, luitenant.

EERSTE PERSOON: Ek maak so, gee my so twee minute.

---o0o---

09:13 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Romeo.

EERSTE PERSOON: Okay, net om jou in kennis te stel, hierso by

hier /...

hier, hierdie "shack" nommer 48, 48, toe ons die lyk verwyder het, het ons 'n AK47 doppie daar gekry, 'n vars AK47 doppie, die doppie is oorhandig aan die mense hier van (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Ja, ek het hom so, baie dankie.

---o0o---

09:13 EERSTE PERSOON: (onduidelik) Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, luitenant, jy moet asseblief die ondersoekspan kontak sodra dit vir jou moontlik is.

TWEEDE PERSOON: Roger, ek is op pad soontoe.

EERSTE PERSOON: Baie dankie.

---o0o---

09:14 EERSTE PERSOON: Victor 0 Charlie 2.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) Charlie 2.

EERSTE PERSOON: Ja, op hoeveel lyke staan ons nou?

TWEEDE PERSOON: Ons staan nou op 35 lyke, drie, vyf, lyke.

EERSTE PERSOON: Dankie.

---o0o---

(telefoon lui)

09:15 KONSTABEL BOTHMA: Radiokamer, konstabel Bothma, môre.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja, kaptein.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja, almal is daar nog, ja.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ekskuus?

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) lyke (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Daar by Slovopark.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja, Slovopark.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja, dit is sinkhuise, so ek neem aan dit is (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja, dit is in Boipatong.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Ja.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Sover as ons weet is dit net in Slovopark. Ek kan net die straatnaam hier uitvind.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) Boipatong.

KONSTABEL BOTHMA: In Boipatong, in Boipatong. (onduidelik) (weg van telefoon) Ja, die enigste straatnaam wat ons het is Majolastraat.

TWEEDE PERSOON: Majola?

KONSTABEL BOTHMA: Ja. Daar is twee dood, die ander is in daardie plakkerskamp, daar in Boipatong.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

KONSTABEL BOTHMA: Reg kaptein, tot siens.

---o0o---

09:15 EERSTE PERSOON: (onduidelik) Charlie. Victor 0 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Ek het nou al met 'n Tabo Moloi, 'n swart man, Tabo Moloi, gesels, hy sê, hy wil my nie sê watter politieke verband hy is nie, maar hy gesels net gou met die mense om vir hulle te sê hulle moet huis toe gaan, in taxi's klim en normaal met hulle pligte voortgaan, so daar is nie probleme op dié stadium nie, ek dink so drie minute, dan is hulle uiteen.

TWEEDE PERSOON: Okay, luitenant, staan vir my so drie minute daar van, as jy sien hulle gaan nie "clear" nie, dan laat weet

jy /...

jy my dat ek Bravo Uniform intrek, asseblief.

EERSTE PERSOON: Ek maak so.

---o0o---

09:17 EERSTE PERSOON: 5 Foxtrot (onduidelik) Charlie. 5 Foxtrot (onduidelik) Charlie. 5 Charlie 19 Charlie.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie by.

EERSTE PERSOON: Ja, ons staan nog hier by Slovopark, moet ons vasstaan hierso vir die lykswa, of moet ons voortgaan?

TWEEDE PERSOON: Ja, julle moet maar net daar vasstaan dat die ondersoekspan en die lykswaens nog deurkom daar, (onduidelik) tot alles reg (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Luitenant, ek gaan net gou in om 'n ander Casspir te kry, hierdie een is (onduidelik) dan kom ek weer terug.

09:19 TWEEDE PERSOON: Roger. Daar is nie nog 'n Casspir nie, maar jy kan probeer.

EERSTE PERSOON: Ek sal net gou gaan kyk (onduidelik) hierdie een kan regkry (onduidelik)

---o0o---

09:20 EERSTE PERSOON: 5 Foxtrot, Victor 0. 5 Foxtrot, 5 Foxtrot, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Ja, is die video-eenheid daar?

TWEEDE PERSOON: Negatief, ek het al hierdie tonele afgeneem.

---o0o---

(telefoon lui)

09:20 EERSTE PERSOON: (onduidelik) môre.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Goeiemore, brigadier, hou net 'n bietjie aan.

DERDE PERSOON: Is dit die brigadier? Môre brigadier.

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: Môre.

DERDE PERSOON: Dit is sersant O'Riley wat praat.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

DERDE PERSOON: Brigadier, ons trek nou op 35 lyke in, nee, ek jok, hier het nog twee by gekom, 34 lyke in Boipatong, brigadier.

TWEEDE PERSOON: 34?

DERDE PERSOON: Ja .. nee, ekskuus, ek is nou deurmekaar, dit is 35 lyke, 35 lyke in Boipatong.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

DERDE PERSOON: Dit spruit voor uit die aanval van die Inkatha's op die ANC.

TWEEDE PERSOON: Is dit nog gister (onduidelik) gegaan al vandag?

DERDE PERSOON: Brigadier, ek glo dit is nog van gisteraand se lyke. (onduidelik) van huis tot huis en orals waar ons by die huis aangaan lê daar maar lyke en in die karavane lê daar lyke, so sover het hulle vir my 35 deurgegee.

TWEEDE PERSOON: Jis.

09:21 DERDE PERSOON: So dit is massamoord daar, brigadier.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

DERDE PERSOON: Ja.

TWEEDE PERSOON: Dit is mos waar daardie (onduidelik) ingevlieg het, was dit in Boipatong waar hy (onduidelik) met daardie (onduidelik) wat Coetzee doodgeskiet het.

DERDE PERSOON: Wat Coetzee doodgeskiet het. Ek glo so. Dit is meestal ook baie brutale moorde, hulle is almal met spiese doodgesteek en messe gesteek en daardie tipe goed. So ek dog laat ek net julle kantoor ook laat weet waar ons nou staan, brigadier.

TWEEDE PERSOON: Nee, maar dankie.

DERDE PERSOON: Goed, brigadier, baie dankie, totsiens.

TWEEDE PERSOON: Totsiens.

---o0o---

09:22 EERSTE PERSOON: Charlie 2, Victor 0. Charlie 2, Charlie 2, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Ja, toemaar, ek bel gou adjudant Botha.

09:23 DERDE PERSOON: Skakelbord (onduidelik) môre.

VIERDE PERSOON: Goeiemôre, adjudant Botha, asseblief.

DERDE PERSOON: (onduidelik) Hello?

VIERDE PERSOON: Hello.

DERDE PERSOON: Hy is nou net hier uit, kan ek gou 'n boodskap vat?

VIERDE PERSOON: Mm, hou net 'n bietjie aan. Sersant?

EERSTE PERSOON: Hello?

DERDE PERSOON: Ja?

EERSTE PERSOON: Wie praat nou? René?

DERDE PERSOON: Ja.

EERSTE PERSOON: Ekskuus man, ek is deurmekaar. Hoor hier, ons het nou 35 lyke op hierdie stadium, nè?

DERDE PERSOON: Okay.

EERSTE PERSOON: Ek sit hulle almal op een berigvorm, is dit "all right"?

DERDE PERSOON: Ja, skryf net vir my ...(tussenbei)

EERSTE PERSOON: Die verskillende plekke en goed, okay?

DERDE PERSOON: Ja.

EERSTE PERSOON: Okay René, nog iets ...(tussenbei)

DERDE PERSOON: 35 dood op Boipatong, nè?

EERSTE PERSOON: Mm.

<u>DERDE PERSOON</u>: (onduidelik) halssnoer is.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Mm-mm.

<u>DERDE PERSOON</u>: Nie?

<u>EERSTE PERSOON</u>: Okay, so halssnoer is Sharpeville.

<u>DERDE PERSOON</u>: Halssnoer is by Sharpeville, nè?

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ja.

<u>DERDE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>EERSTE PERSOON</u>: Doodreg.

<u>DERDE PERSOON</u>: Okay, "thanks".

09:24 <u>EERSTE PERSOON</u>: Okay, hoor, bye-bye.

<u>DERDE PERSOON</u>: Okay.

---o0o---

09:27 <u>EERSTE PERSOON</u>: Charlie, Victor 0. Charlie, Victor 0.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Charlie, stuur.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Luitenant, beweeg asseblief vir my uit na Boipatong munisipale polisie, dit is blykbaar die eerste gebou op die regterkant as jy inkom by die vierrigtingstop. Hulle sê daar is 'n klomp "comrades" daar, 'n groot groep wat aandring op wapens.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Ek het (onduidelik) gelees, ek staan net hier by hierdie groep, hulle gaan uiteen uit, maar hulle raak nou aggressief met hulle "amandlas" en dinge. Gee my net so drie minute kans.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Okay, luitenant, kanselleer.

---o0o---

09:28 <u>EERSTE PERSOON</u>: 5 Romeo, Victor 0.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik) amper hier by hulle.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Dankie, Bert(?).

---o0o---

09:28 EERSTE PERSOON: (onduidelik) 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur, luitenant.

EERSTE PERSOON: (onduidelik) groep het nou so drie skote geklap, drie skote, dit lyk net of dit in die lug op was, nie in ons rigting nie.

TWEEDE PERSOON: Ek sal maar vir julle 'n versterking van Vanderbijl se kant af stuur, net so vir ingeval.

EERSTE PERSOON: Ek dink nie dit is nodig nie, die groep gaan uiteen, die groep gaan uiteen, (onduidelik) slag wat hulle nou moeilik maak.

TWEEDE PERSOON: Okay, skree net as dit (onduidelik) raak daar, dan stuur ek vir julle, luitenant.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

---o0o---

09:29 EERSTE PERSOON: Sê daardie mense moet daardie "bullet proofs" aantrek as hulle inkom.

TWEEDE PERSOON: Roger.

---o0o---

09:31 EERSTE PERSOON: 0 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur luitenant.

EERSTE PERSOON: (onduidelik) stuur maar vir ons 'n groepie van Van der Bijl se mense hier na die Trek(?) garage toe. Die groep is uiteen, hulle maak nou klein groepies, maar ons onttrek, dat daardie Vanderbijl mense maar net vir ons daar die situasie monitor, asseblief, Ilse.

TWEEDE PERSOON: Ek maak so.

---o0o---

09:32 EERSTE PERSOON: 5 Delta Victor 0, 5 Delta Victor 0.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Ja, kaptein, sal kaptein asseblief 'n paar van

daardie /...

daardie mense wat gemotiveer is by Vanderbijl, net vra om uit te beweeg na Metalbox toe. Luitenant berig die mense is besig om uit mekaar te gaan, maar hulle vorm kleiner groepies.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Okay (onduidelik) Kan jy net op (onduidelik) self gaan, ek het nie kommunikasie met hulle hier nie.

<u>EERSTE PERSOON</u>: So ek kan hulle maar stuur, dit is reg?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ek maak so luitenant, kaptein.

---o0o---

09:33 <u>EERSTE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>EERSTE PERSOON</u>: Ja, ons is hierso by die polisiestasie, ek sal nou vir jou 'n berig (onduidelik)

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Okay, spreek maar vir mnr. Horn daar en sê vir hom 'n paar moet uitbeweeg, asseblief.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Negatief, negatief, Lekoa-polisiestasie in Boipatong, hoor, waar die probleme is.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: O, ekskuus, okay, nee, ek sal reël vir die ander goed, dankie.

---o0o---

<u>EERSTE PERSOON</u>: (onduidelik)

<u>TWEEDE PERSOON</u>: Staan net by.

---o0o---

09:33 <u>EERSTE PERSOON</u>: 5 Charlie, dit is 19 Bravo.

<u>TWEEDE PERSOON</u>: 5 Charlie, stuur.

<u>EERSTE PERSOON</u>: Man, ons het 'n hond hierso wat hulle gesteek het met 'n mes, hulle het ons toestemming gegee om hom te skiet, kan ek hom maar skiet?

<u>TWEEDE PERSOON</u>: (onduidelik)

---o0o---

09:33 EERSTE PERSOON: 5 Charlie, 19 Bravo.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, luitenant kom baie swak deur. Ons het nou 'n hond hierso, hulle het hom reg deur die maag gesteek, hy gaan dit nie maak nie, kan ons hom maar van kant maak?

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) dit is veiliger en makliker en jy sal nie mense beseer daardeur nie.

EERSTE PERSOON: Roger, luitenant, hier is geen mense nie, die eienaar van die hond het ons toestemming gegee. En as luitenant vir my sê bevestigend, want luitenant kom baie swak deur.

TWEEDE PERSOON: Bevestig, ja, bevestig, maak net seker van omstaanders.

EERSTE PERSOON: Roger, luitenant, so ontvang.

---o0o---

09:34 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: Stuur 5 Hotel.

EERSTE PERSOON: Ja, (onduidelik) maar kom kyk by Boipatong wat aangaan, hoor, hier was nog nie (onduidelik) nie, toe ons aankom toe het hulle weggehardloop, ons het niemand gearresteer nie.

TWEEDE PERSOON: Ontvang, baie dankie.

---o0o---

09:35 EERSTE PERSOON: Ja, Andrè, waar is julle nou?

TWEEDE PERSOON: Ja, hier langs die polisiestasie.

EERSTE PERSOON: (onduidelik) vol jeugdiges. Lyk my dit is net 'n klomp moeilikheidmakers, hulle kan (onduidelik) voorkeer nie, want hulle kan nie (onduidelik) nie.

TWEEDE PERSOON: 'Sant, herhaal net gou weer, is dit voertuie?

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: Positief, dit is twee taxi's, 'n wit "hi-ace" en 'n blou "hi-ace", hulle is vol van hierdie jeugdiges, nou (onduidelik) hulle kom nie (onduidelik) kan jy nie kyk of jy hulle kan voorkeer nie, want as hulle hier verbykom, dan kom hulle dalk nou weg.

TWEEDE PERSOON: Roger.

---o0o---

09:35 EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: 54.

EERSTE PERSOON: Ja, Andrè, hulle gaan nou die straat daar (onduidelik) daar voor die polisiestasie, daardie teerstraat wat daar ingaan.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) daar kom hulle (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Ja, Andrè, hier kom hulle nou in die straat af, hier voor die hostels. Is julle daar by die (onduidelik) straat?

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is positief.

EERSTE PERSOON: Is julle uit die Casspir uit, keer (onduidelik) daardie Casspir daar voor, keer hulle net voor.

---o0o---

(telefoonnommer word geskakel)

09:36 EERSTE PERSOON: Goeiemôre, dit is Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Môre, konstabel Bothma van (onduidelik) Hoor hierso, daardie "necklace", dra jy kennis daarvan?

EERSTE PERSOON: Wat (onduidelik)?

TWEEDE PERSOON: Die "necklace".

EERSTE PERSOON: "Necklace"?

TWEEDE PERSOON: Ja, daar by huis 6530, wat nou daar gebeur het, dra jy kennis daarvan?

EERSTE PERSOON: Huisnommer?

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: 6530, voor huis 6530.

EERSTE PERSOON: 6530?

TWEEDE PERSOON: Ja, weet jy nie daarvan nie?

EERSTE PERSOON: Ons weet nie.

TWEEDE PERSOON: Weet julle niks?

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Want ek moet nou 'n MR nommer kry vir daardie storie, daar is 'n man ge-"necklace" daar.

EERSTE PERSOON: Wanneer, vandag?

TWEEDE PERSOON: Ja, vandag.

EERSTE PERSOON: Wag net 'n oomblik. Ek sal (onduidelik) skakel.

TWEEDE PERSOON: Sal jy my skakel, hoe lank?

EERSTE PERSOON: 30 minute.

TWEEDE PERSOON: Ja, okay.

EERSTE PERSOON: Baie dankie.

TWEEDE PERSOON: Bye.

---o0o---

09:38 EERSTE PERSOON: (onduidelik) 523(?).

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, wat is jou ligging nou?

TWEEDE PERSOON: Ja, ek is by Vereniging-polisiestasie, ek is op pad terug eenheid toe.

EERSTE PERSOON: Ja, maak net gou asseblief, ons het 'n voertuig nodig om lede te gaan optel.

TWEEDE PERSOON: So ontvang, oor.

---o0o---

09:41 EERSTE PERSOON: Victor 0, Victor 0, 5 (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, Ilse, ons het hierdie twee bussies hier

afgetrek /...

afgetrek hoor, dit is hulle wat op pad was na die polisiestasie toe, ons vermoed dit is die "comrades", want dit is twee bussies vol. Ons het die mense (onduidelik) kantoor. Kontak asseblief vir luitenant Viljoen(?) en vra hom net wat ons met die mense moet maak.

TWEEDE PERSOON: Ek maak so. Victor 0 roep vir luitenant Celliers.

EERSTE PERSOON: Daar is 24 van hulle, hoor, 24, sonder die drywer.

TWEEDE PERSOON: Okay, ek kontak hulle, staan net by.

---oOo---

09:42 EERSTE PERSOON: (onduidelik) Victor 0. Ja, kanselleer. 5 Charlie, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie, stuur.

EERSTE PERSOON: Luitenant, kan luitenant daar onttrek en Bert los met daardie situasie, ek het 'n ander dringende situasie.

TWEEDE PERSOON: Ek is hierso by die lykswa, maar jy kan maar deurstuur, ons is drie groepe hier.

09:42 EERSTE PERSOON: Okay, luitenant, beweeg vinnig tussen gebied 13 en 14, daardie teerpad daar, by die busstoppe, het swartes 'n voertuig van 'n wit man afgeneem, hulle is nou besig om die wit man te probeer brand.

TWEEDE PERSOON: Ek maak so.

EERSTE PERSOON: Okay en dan een van die ander Casspir's wat by luitenant staan, by 1181, Boipatong, is 'n skietery. 'n Sophie Makolo(?) het geskakel.

DERDE PERSOON: (onduidelik) Bravo is op pad.

---oOo---

09:43 EERSTE PERSOON: Victor (onduidelik) Romeo.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, 5 Romeo, ons het nou al hierdie, hier by die plakkerskamp die een kant(?) het ons nou al die lyke gedoen, hoor, die fotograwe, watter kant toe nou?

TWEEDE PERSOON: O jissie, nee, ek weet nie, julle sal die mense op die toneel moet vra waar is die ander lyke, oor.

---oOo---

09:43 EERSTE PERSOON: Ontvang. 5 Romeo, enige voertuig wat kennis dra van nog lyke?

TWEEDE PERSOON: 5 Romeo, kontak net daar vir 5 Hotel 1, sersant Duvenage(?).

EERSTE PERSOON: Ontvang 5 Romeo, berig oor.

---oOo---

EERSTE PERSOON: 5 Romeo (onduidelik) oor.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Roger, ons het klaar al hierdie lyke nou, is die fotograaf hier by ons, ons het die sinkhuisies hier aan die agterkant gedoen hoor, waar is nou nog lyke?

TWEEDE PERSOON: Ja, as jy terugkom na hierdie teerpad wat bo van die "taxi rank" af loop, nè, as jy nou Lekoa-polisiestasie se kant toe ry, aan jou linkerkant, by huis 1811 is daar 'n lyk en by huis 666 en huis 660, daarso sal jy nog lyke kry, hoor, die huise sit so aan jou linkerkant.

09:44 EERSTE PERSOON: So dit is met ander woorde dieselfde pad as wat ons nou ry, so ons moet net opgaan na die teerpad toe.

TWEEDE PERSOON: Ja, gaan op na die teerpad toe, dan kom jy af, dan ry jy Lekoa se kant toe, Lekoa-polisiestasie, dan, so aan jou linkerkant onder, by die huise, sal die huise aan jou linkerkant sit, oor.

EERSTE PERSOON: Okay (onduidelik)

---oOo---

09:44 EERSTE PERSOON: Oscar Echo 2 (onduidelik) 5 Golf berig.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie, 5 Alfa.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Môre (onduidelik) reël 'n bietjie dat ons in elke gebied Casspir's kry, hoor, plaas(?) 'n paar van daardie Casspir's oor wat daar saam met jou is, dat ons Casspir's kry in Sharpeville, Sebokeng, daar saam met jou(?), hoor, dat daardie mense elke gebied kan patrolleer, (onduidelik) dan hoef ek nie elke skoot deur te jaag na 'n spesifieke plek toe nie.

---oOo---

09:45 EERSTE PERSOON: Charlie, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Ja, Victor 0, 5 Alfa.

EERSTE PERSOON: Ek het die boodskap ontvang, dankie 5 Alfa, stuur die volgende boodskap.

TWEEDE PERSOON: Ja, kontak ook, bel daar by Charlie 2, hoor daar by kolonel Van der Walt, sê vir hom ek en kaptein is nou in die gebied, sê ons vra of dit moontlik is om miskien so vier voertuie te kry om te kom help patrolleer, oor.

EERSTE PERSOON: Doodreg, brigadier, ek maak so.

---oOo---

EERSTE PERSOON: 5 Charlie, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie, stuur.

EERSTE PERSOON: Het luitenant die boodskap van brigadier gemonitor?

TWEEDE PERSOON: Dit is bevestig, ek maak so, ons beweeg Sebokeng toe, hier bly twee Casspir's in Boipatong op dié stadium agter.

EERSTE PERSOON: Ja, luitenant, wat ek nou van julle soek is die roepsein van elke Casspir in die gebied wat hy werk. So julle is nou 5 Charlie, julle werk Sebokeng. Die een wat

Sharpeville /...

Sharpeville werk moet net vir my sy roepsein gooi en so ook elke gebied.

09:46 TWEEDE PERSOON: (onduidelik) moet maar vir ons (onduidelik) area Sharpeville vat. Ek weet nie of hulle my ontvang nie, jy sal dit net vir hulle moet sê, asseblief.

EERSTE PERSOON: Ja, ek kan 'sant (onduidelik) nie nou op hierdie stadium onttrek nie, hulle staan vas by daardie "comrades", kan een van daardie ander Casspir's nie beweeg nie, asseblief.

TWEEDE PERSOON: Ilse, ag, pos(?) hulle vir ons, kyk daar by 5 Hotel of hy 'n Casspir het wat hy kan (onduidelik) reël nie, jy moet maar oor die lug probeer dinge reël.

EERSTE PERSOON: Ek maak so, luitenant.

---oOo---

09:47 EERSTE PERSOON: 5 Hotel, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, sersant, stuur asseblief vir my een van jou Casspir's Sharpeville toe en rapporteer sy roepsein aan my, asseblief.

TWEEDE PERSOON: Ons maak so, sersant O'Riley, die adjudant het gesê ons moet hier vasstaan by hierdie een toneel, vra net vir hom of ons hier kan onttrek, as die fotograwe (onduidelik) sal dit nie help ons staan hierso vas by hierdie mense nie, hoor, want ons (onduidelik) en begin beweeg.

EERSTE PERSOON: Ja, gaan voort met adjudant (onduidelik)

---oOo---

(telefoon lui)

09:47 EERSTE PERSOON: Goeiemôre (onduidelik), roep vir sersant O'Riley, asseblief.

TWEEDE PERSOON: Kolonel? Môre, sersant O'Riley wat praat, hoe gaan /...

gaan dit?

EERSTE PERSOON: Heeltemal goed, self?

TWEEDE PERSOON: Goed dankie kolonel. Ag, kolonel, die brigadier sê hy en kaptein is nou in Boipatong, of kolonel vier voertuie kan stuur.

EERSTE PERSOON: Watter brigadier?

TWEEDE PERSOON: Aan brigadier Steenkamp.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Hy vra dat kolonel asseblief vier voertuie stuur.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON; Van julle voertuie.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Asseblief.

EERSTE PERSOON: Okay, hoor.

TWEEDE PERSOON: Baie dankie, kolonel. Totsiens.

---o0o---

09:47 EERSTE PERSOON: 5 Foxtrot, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: Stuur.

EERSTE PERSOON: Adjudant, kan ons hier onttrek, (onduidelik) ander gebiede plaas.

TWEEDE PERSOON: Hoeveel voertuie het jy daar?

EERSTE PERSOON: Op die huidige oomblik is (onduidelik) hierso en my voertuig.

TWEEDE PERSOON: Nou goed, los die manne daarso, dan kom julle deur Sharpeville toe, na die (onduidelik) by daardie (onduidelik) onderste span se mense bly tot hulle klaar is, dan kan hulle ook deurkom.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

---o0o---

09:48 /...

09:48 EERSTE PERSOON: 5 Hotel, 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur 5 Charlie.

EERSTE PERSOON: (onduidelik) daardie weermagvoertuig, daar by Boipatong, een van hulle moet saamgaan Sharpeville toe, laat hom saamgaan Sharpeville toe, die ander een bly in Boipatong.

---oOo---

09:48 EERSTE PERSOON: Victor 0, Victor 0, 5 (onduidelik) 2.

TWEEDE PERSOON: Ja, 5 (onduidelik) 2, ek sukkel nog om daardie luitenant in die hande te kry, ek glo hy is saam met een van ons Casspir's uit, staan net 'n oomblik by.

EERSTE PERSOON: Ja, (onduidelik) ons gaan die mense in die Casspir's laai, hoor, al 24, dan gaan ons die mense deurvat ondersoekspan toe, oor.

TWEEDE PERSOON: Ag, as julle dit kan doen sal dit gaaf wees, asseblief.

EERSTE PERSOON: Okay, Roger.

---oOo---

09:48 EERSTE PERSOON: 5 Charlie, 5 Hotel.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie, stuur.

EERSTE PERSOON: Waar moet ons hierdie ander weermag (onduidelik) kry wat hier in die gebied is, want hy is nie saam met ons voertuie nie.

TWEEDE PERSOON: Hy is, daar waar daardie eerste huise (onduidelik) 179, 179, (onduidelik) lykswa van (onduidelik) jy sal moet een van hulle vat dat hy jou Sharpeville toe vergesel, asseblief.

---oOo---

(telefoon lui)

09:49 EERSTE PERSOON: Radiokamer, konstabel (onduidelik) goeie môre.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) Ilse (onduidelik).

EERSTE PERSOON; Hou net gou aan, is dit sersant O'Riley?

TWEEDE PERSOON: Sersant O'Riley.

EERSTE PERSOON: Hou net gou aan, wie praat nou?

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Luitenant Celliers? Hou net gou aan. Luitenant?

TWEEDE PERSOON: Yes?

EERSTE PERSOON: Kan luitenant net so 'n oomblikkie aanhou, sy is net 'n bietjie besig?

TWEEDE PERSOON: Vra net vir haar, gee net vir haar 'n boodskap, (onduidelik) ondersoekspan hoor, onderste ondersoekspan hier op Sebokeng, as hulle by daardie Boipatong tonele (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Luitenant, hou net aan, sy gaan nou met luitenant praat.

DERDE PERSOON: Luitenant?

TWEEDE PERSOON: Ilse? Daardie mense, laat hulle (onduidelik) staan vas (onduidelik)

DERDE PERSOON: Luitenant (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: (onduidelik)

DERDE PERSOON: Okay, hulle bring nou 'n Casspir vol "comrades" daar na luitenant toe, hoor.

TWEEDE PERSOON: "All right", bakgat.

DERDE PERSOON: Ja, okay, luitenant, goed, bye-bye.

TWEEDE PERSOON: Goed, hoor.

---oOo---

09:49 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Romeo.

TWEEDE PERSOON: Stuur 5 Romeo.

EERSTE PERSOON: Ilse, daar by daardie plakkershuise waar ons nou daardie klomp lyke gedoen het, toe eenheid 19 se mense

onttrek /...

onttrek het, het hulle die paaie om ons begin toemaak. Daar is, net toe ons deur die versperring gestoot het, het hulle 'n paar klippe na ons te gegooi, die skare is nou ongeveer seker so 200 mense daarso. Dit is egter net, ek dink, jeugdiges, dit is een of twee wat klippe gegooi het, dit is (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Ontvang, baie dankie.

---o0o---

09:49 EERSTE PERSOON: 5 Alfa, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, brigadier, kolonel stuur nou een van julle voertuie deur, vier van julle voertuie, altans.

TWEEDE PERSOON: Okay, nee dankie, sersant O'Riley, ons waardeer dit, ons moet net, ek sal reël met die kaptein dat ons net daar mense kry as gidse, nie baie dankie. As hulle aankom by die basis kontak ons net, oor.

EERSTE PERSOON: Ek maak so.

---o0o---

09:50 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Charlie.

TWEEDE PERSOON: 19 Charlie, staan net vir my by. Alle voertuie op hierdie kanaal staan net vir my 'n sekond by, hoor.

---o0o---

EERSTE PERSOON: 5 Golf, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Ja, luitenant Celliers het my nou geskakel, ek het vir hom gesê julle bring 'n Casspir vol Comrades na hom toe, hy wag vir hulle, oor.

TWEEDE PERSOON: Okay, Roger, oor.

---o0o---

09:50 EERSTE PERSOON: Stuur, 5 Delta.

TWEEDE PERSOON: Na Victor 0, 5 (onduidelik)

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: O, ek dag dit is dit die brigadier, dankie.

---o0o---

09:50 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Golf (?)

TWEEDE PERSOON: Stuur, 5 Golf (Onduidelik)

EERSTE PERSOON: Kan jy my sê of daar (onduidelik) daar by die eenheid?

TWEEDE PERSOON: Ja, staan gou by, ek stuur gou vir (onduidelik) dat hy gaan kyk.

EERSTE PERSOON: As daar een is, stuur hom hierso na Boipatong se Lekoa kantore toe, want daardie (onduidelik) hulle gaan nie almal in die Casspir inkom nie, asseblief.

TWEEDE PERSOON: Okay, staan gou by, ek gaan kyk.

---o0o---

09:51 EERSTE PERSOON: 5 Bravo, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: (onduidelik) Bravo, stuur.

EERSTE PERSOON: Het jy my gesoek voordat ek radiostilte gevra het?

TWEEDE PERSOON: Negatief, ek dink dit was 19 Charlie.

EERSTE PERSOON: Ontvang dankie.

---o0o---

EERSTE PERSOON: 19 Charlie, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Ja, Roger, dit is 19 Charlie. Sê my, daardie ligging van daardie blanke man wat gebrand wou word, wat is dit presies daar in Sebokeng?

EERSTE PERSOON: Ja, al wat ek het is tussen gebied 13 en 14 by die busstoppe hoor.

TWEEDE PERSOON: Roger, ons is op pad.

---o0o---

09:51 EERSTE PERSOON: 19 Charlie, dit is 5 Charlie. 19 Charlie, 5 Charlie. 19 Charlie, dit is 5 Charlie.

TWEEDE PERSOON /...

TWEEDE PERSOON: 19 Charlie, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, kanselleer daarso, bly daarso in Boipatong, ons is reeds hier in Sebokeng, hoor, ons sal daardie klagte doen, help net daardie mense uit daarso.

09:52 TWEEDE PERSOON: Ja, Roger, ons sal omdraai, ons is halfpad soontoe, maar ons sal maar omdraai.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, die luitenant sê dit is jou gebied daardie, jy moet daar bly.

TWEEDE PERSOON: Roger, maak so.

---o0o---

(telefoonnommer word geskakel)

09:52 EERSTE PERSOON: Môre, sersant Bekker.

TWEEDE PERSOON: Ja, sersant Bekker, is (onduidelik) daar?

EERSTE PERSOON: Nee.

TWEEDE PERSOON: Is daar enige drywer vir die (onduidelik) daar?

EERSTE PERSOON: Nee. Soek jy Drywer?

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is dringend.

EERSTE PERSOON: Hoe so?

TWEEDE PERSOON: Ek weet nie, sersant O'Riley en die luitenant of kaptein (onduidelik)

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: O, so hulle sal die sleutel hê?

EERSTE PERSOON: Ja, (onduidelik) eenheid 19.

TWEEDE PERSOON: Ja.

EERSTE PERSOON: Daardie groot rooikop daar.

TWEEDE PERSOON: Ja.

EERSTE PERSOON: Hy het die sleutel. Kontak net daar en hoor waar is die sleutel.

TWEEDE PERSOON: Okay.

EERSTE PERSOON /...

EERSTE PERSOON: Dan kan ek gou-gou kyk waar is (onduidelik) kyk wat ons "organise".

TWEEDE PERSOON: Okay.

---o0o---

09:52 EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Ja, jy kom te gebroke deur, ek kan nie 'n woord ontvang nie, sê weer.

EERSTE PERSOON: (onduidelik)

TWEEDE PERSOON: Staan net by. Enige voertuig wat daardie voertuig ontvang het, herlui vir my sy boodskap asseblief.

DERDE PERSOON: Daardie voertuig, herhaal net weer.

EERSTE PERSOON: (onduidelik) weermagvoertuie (onduidelik)

DERDE PERSOON: Daardie persoon vra hy soek net 'n ligging van een van die weermagvoertuie wat saam met hom moet uitgaan Sharpeville toe.

---o0o---

09:53 EERSTE PERSOON: 5 Charlie, 5 Delta.

TWEEDE PERSOON: 5 Charlie, stuur, kaptein.

EERSTE PERSOON: Okay, stuur vir my asseblief onmiddellik voertuie hierso by die Trek Garage, die Zoeloe's is besig om op te kom hier bymekaar. Stuur vir my onmiddellik asseblief versterkings hiernatoe.

DERDE PERSOON: Waar is dit?

EERSTE PERSOON: By die Trek Garage.

VIERDE PERSOON: (tussendeur) 5 Foxtrot na (onduidelik)

DERDE PERSOON: Is dit Metalbox?

EERSTE PERSOON: Nee man, hier by die Trek Garage, hier by die Trek Garage hier by die ingang na Kommedala toe.

DERDE PERSOON: Ja, want Metalbox vra nou ook versterking, hulle sê dit gaan daar ook slegter, die klomp van Bravo Uniforms sê so.

VIERDE PERSOON: Dit is dieselfde plek, dit is dieselfde plek.

09:54 DERDE PERSOON: O nee, dit is wat ek wou weet, dankie.

---o0o---

EERSTE PERSOON: Victor 0. 5 Romeo, ons is hierso.

TWEEDE PERSOON: Dankie, 5 Romeo.

---o0o---

(telefoongesprek - eerste gedeelte onhoorbaar weens geraas van radios)

09:54 EERSTE PERSOON: 'Sant?

TWEEDE PERSOON: Yes?

EERSTE PERSOON: Ek sal nou weer terugbel, hoor.

TWEEDE PERSOON: Okay, as (onduidelik) in die hande kry gaan ek (onduidelik)

EERSTE PERSOON: Reg, 'sant.

TWEEDE PERSOON: Okay, bye-bye.

---o0o---

09:54 EERSTE PERSOON: Victor 0, 19 Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur, 19 Charlie.

EERSTE PERSOON: Ja, sê my, moet ons vir jou beweeg na die Trek Garage.

TWEEDE PERSOON: Ja, julle kan ook maar uitgaan soontoe, dankie.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger, sê my net waar is daardie Trek Garage?

TWEEDE PERSOON: Ja, dit is by Metalbox hoor, by Metalbox, vra net vir adjudant (onduidelik) om vir julle 'n ligging te gee, ek is nie so goed met daardie deel van die dorp nie.

EERSTE PERSOON: Okay dankie.

---o0o---

EERSTE PERSOON: 5 Lima, 19 Charlie.

TWEEDE PERSOON: 5 Foxtrot, ja, 19 Charlie, jy beweeg net na die teerpad toe uit Boipatong, na die teerpad toe, hier by Metalbox, daar na die fabrieke toe, daar (onduidelik)

---o0o---

09:54 EERSTE PERSOON: Victor 0, 5 Hotel 4(?)

TWEEDE PERSOON: Stuur. Stuur, oor.

EERSTE PERSOON: Hier het nou 'n helse klomp persfotograwe en almal nou hier ingeboender, kan jy net gou gou (onduidelik) of ons hulle maar moet toelaat.

TWEEDE PERSOON: Ja, kaptein sê ons kan niks aan hulle doen nie.

EERSTE PERSOON: Ja, Roger (onduidelik)

---o0o---

09:50 EERSTE PERSOON: 5 Lima (onduidelik) Charlie.

TWEEDE PERSOON: Stuur luitenant.

EERSTE PERSOON: Roger, het jy nie vir my 'n presiese ligging van daardie bakkie in (onduidelik) Sebokeng nie?

TWEEDE PERSOON: Ja, staan net by, ek gaan probeer uitvind, luitenant.

---o0o---

09:56 EERSTE PERSOON: Charlie, Victor 0.

TWEEDE PERSOON: Charlie, stuur.

EERSTE PERSOON: Ja, die munisipale polisie sê julle moet van gebied 13 af na gebied 14 toe beweeg en daar rond kyk, hulle beweeg van gebied 14 af na 13 toe, dan daar rond kyk.

TWEEDE PERSOON: Ek lees so, dankie.

EERSTE PERSOON: Ja, kanselleer, jy moet van 14 na 13 beweeg,

hulle /...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.